

# 19

## VERANTWOORDELIKHEID VIR MEKAAR

### *Ons moet mekaar liefhê*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders leer dat hulle nie in isolasie leef nie, maar gemaak is om in verhoudings te leef.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders leer –

- hoe hulle iemand anders se lewe positief kan verander;
- dat almal nie altyd ewe veel voorspoed beleef nie;
- dat sommige mense slagoffers is van omstandighede, misdad of geweld;
- dat slegte omstandighede 'n negatiewe uitwerking op mense het; en
- dat teëspoed almal van tyd tot tyd tref.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om hulle harte oop te maak en empatie en begrip vir ander te toon.

##### **Vaardigheid**

Die kinders besluit waar hulle daadwerklik betrokke wil raak. Dit is nie moontlik om by almal betrokke te wees nie. Daar is baie voorbeelde, byvoorbeeld skuilings, sopkombuise, ensovoorts.

#### **MEER INLIGTING (Lukas 10: 25-37)**

Jesus vertel van 'n Joodse man wat op pad was van Jerusalem na Jerigo. Langs die pad is hy deur rowers oorval en lê hy geslaan, vermink en halfdood. Hy is blootgestel aan die ang van eensaamheid en verlatenheid. Maar dan daag iemand op in priesterklere. Die beseerde Joodse man dink hoe bevoorreg hy is dat iemand van die *kerk* daar opdaag, iemand wat preek van liefde vir God en medemens. *Hy sal my beslis help*, dink die gewonde man.

Maar die priester het 'n ander konsep oor wie 'n mens se naaste is. En buitendien, as hy nou aan die onreine raak, sal hy nie die offers in die tempel mag bring nie. Met grondige redes en

verskonings wyk hy nou uit na die teenoorgestelde kant van die pad. Hy loop verlangs verby. So ook die Leviet wat aan die tempel verbonde is. *Kerkmense* wat hulle godsdiens ernstig behoort op te neem, kyk dus weg as iemand gehelp moet word.

Toe die gewonde Jood seker al alle hoop begin verloor het en in sy ellende begin stik, kom 'n Samaritaan verby. Hy het dadelik die beseerde Jood langs die pad te hulp gesnel. Hy maak selfs in detail voorsiening vir die toekoms van hierdie man deur te onderhandel om die man versorg te kry en later weer op te volg of alles in orde is. En dit terwyl hy 'n Samaritaan is wat deur die Jode gehaat en verag is.

En dan gee Jesus die opdrag: *Gaan maak jy ook so*. Daar waar ons betrokke raak by die nood van ons naaste, voer ons God se opdrag uit en doen ons sy wil. Dit gebeur by die honger van 'n arm mens, by die eensaamheid van 'n gevangene of selfs by die stigma van 'n MIV-positiewe persoon. Barmhartigheid wek liefde in my hart en maak van my 'n gelowige kind met opgerolde moue en uitgestrekte hande. Dit is my plig om alle mense lief te hê, selfs al hou ek nie van hulle nie... selfs al is hulle my vyand (Lukas 6: 27-36).

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Vra vir die kinders of daar 'n spesifieke nood in die gemeenskap is wat hulle aan die hart raak. Bid daarvoor.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Vind by 'n paar kinders uit of hulle oor rykdom gesels het. Wat was die uitkoms van hulle gesprekke? Lei hulle daartoe om te besef dat dinge 'n mens nie gelukkig kan maak nie, maar net die wete dat jy aan die Here behoort. En om dit te weet, beteken dat jy jou nie onnodig sal bekommer nie.
- Laat enkele kinders die *Onse Vader* uit Gesang 266 opsê.
- Gee aan hulle voorbeelde van eienskappe wat 'n mens by 'n ideale man of vrou soek, soos –
  - moet 'n gelowige Christen wees;
  - moet by die kerk betrokke wees;
  - verkieslik van my eie kultuur;
  - moet belangstellings kan deel;
  - eerlikheid;
  - vermoë om my lief te hê;
  - vermoë om my te verstaan;
  - vermoë om my te vergewe; en
  - vermoë om kompromieë aan te gaan.
- Laat hulle hulle eie byvoeg.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Ons eintlike probleem waarom naasteliefde nie realiseer nie, is omdat ons nie so wil kyk dat ons raaksien nie. Die eerste tree in die rigting van naasteliefde is om die ellende van ons naaste raak te sien. Liefde skep 'n nuwe en 'n ander manier van kyk. En daarom gaan die vraag by die poort van die hemel wees: *Het jy regtig **gesien** dat Ek naak, honger en in die gevangenis was?*

'n Mens kan net liefhê as jy, soos Jesus, die vraag *Wie is my naaste?* omkeer. Dan lyk die vraag so: *Wie se naaste is ek?* Wie kruis my pad en verwag van my om vir hom of haar 'n naaste te wees? God ontmoet my in die naaste daar waar ek dit die minste verwag. My naaste sit dalk langs my in die klas, of staan voor my in die winkel. Jy speel dalk in 'n sportspan saam met jou naaste. Almal is potensieel jou naaste, en het jou dikwels nodig. Ons dink dikwels verkeerdelik aan ons naaste as mense wat ver woon, maar ons naaste begin by ons eie gesin.

Die Here stel uitdagings aan my en plaas mense op my pad. Mense soos die persoon wat die kerk of skool se badkamers skoonmaak. Ook mense wat jy *toevallig* raakloop, soos by vriende of familie. As gevolg van sy liefde kan ek nou ook my broer en suster liefhê en die nood van ander raaksien.

### IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

### IETS BELANGRIK

Lees Lukas 10: 25-37, en onthou die volgende:

- Ons is kinders van die Here, daarom moet ons mense in nood help.
- Ek moet enige mens, ongeag sy taal of kultuur, help as hy of sy in die nood is.
- Enige mense wat my pad kruis, is my naaste.
- Ons moet dit sien as 'n geleentheid om positief te wees – 'n vriendelike glimlag, 'n klop van bemoediging op die skouer, 'n sagte antwoord kan die wêreld 'n beter plek maak.

### IETS OM TE DOEN

Vra die volgende vrae en help hulle na die bespreking met die regte antwoorde:

- Moet ons net ons eie Kerk se mense help wat probleme het? *Nee, alle mense, ongeag taal of kultuur, moet gehelp word.*
- Wie was die Samaritaan waarna Jesus in sy gelykenis verwys? *Die Samaritane was 'n gemengde bevolking van Jode en heidene. Toe die Assiriërs Israel in 722 vC in ballingskap weggevoer het, het baie Jode in Palestina agtergebly. Tydens 'n ballingskap is die sterk en slim mense gewoonlik weggevoer om as slawe gebruik te word. Die ouer mense en jonger kinders het agtergebly. Die Assiriërs het toe van hulle mense ingevoer om hier te kom bly. So het die Jode en heidene vermeng geraak en 'n nuwe groep gevorm. Hulle is die Samaritane genoem omdat hulle in die landstreek Samaria gewoon het. Die Samaritane*

*het nog in 'n mate met hulle oorspronklike Joodse godsdiens voortgegaan, maar dit was vermeng met heidense gebruike. Dit het die Jode vyandig gemaak, en daarom het die Jode die Samaritane gehaat.*

- Tog interessant dat Jesus in sy gelykenis na 'n Samaritaan verwys. Waarom dink jy gebruik Jesus 'n uiterste, 'n radikale, voorbeeld soos 'n Samaritaan? *Jesus wil hier wys hoe naasteliefde werk: Die mens van wie jy dit die minste verwag, is die een wat stop om te help.*

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Gesels met jou vriende, en vra wie van hulle bereid is om saam met julle betrokke te raak by mense in nood. (Sien Les 16 se IETS OM TE DOEN.) Hou 'n dinkskrum en besluit saam waar julle 'n verskil wil maak, en kry 'n plan van aksie! Sorg dat julle dit dan deurvoer!

### **LEER**

Onthou die volgende feite:

- Ons is kinders van die Here, daarom moet ons mense in nood help.
- Ek moet enige mens, ongeag sy taal of kultuur, help as hy of sy in die nood is.
- Enige mense wat my pad kruis, is my naaste.
- Ons moet dit sien as 'n geleentheid om positief te wees – 'n vriendelike glimlag, 'n klop van bemoediging op die skouer, 'n sagte antwoord kan die wêreld 'n beter plek maak.

Leer die woorde van Matteus 7: 21: *Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.*

### **AFSLUITING**

Lees of sing die woorde van Gesang 524: 1:

*God roep ons om met woord en daad  
vir Hom te leef en werk.  
Hy roep ons deur sy Woord en Gees  
en maak van ons sy kerk.  
Hy kies, bewaar en onderhou;  
Hy inspireer en bou.  
Geloof wat deur die liefde werk,  
hou aan, bly groei, maak sterk.*

Sluit af met gebed.